DEEL 115 | WEEK 33 | 18 AUGUSTUS 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Honde word vergiftig om te steel



Inwoners van Heilbron bevind hulle steeds in die greep van misdaad as gevolg van inbrake wat aanhou en troeteldiere wat in die proses vergiftig word. Saterdagoggend omstreeks vieruur het Monti-Bello Gastehuis onder ongenooide besoekers deurgeloop. Hierdie keer het die diewe toegang gekry deur by die gastehuis se lapa in te breek en die Weber gasbraaier is gesteel. Dit is nie die eerste keer dat die eienaar, Wiam Rautenbach, deur hierdie pynlike ondervinding gaan nie. In Mei verlede jaar moes hy sy motor se sleutels en immobiliseerder stelsel vervang nadat diewe gepoog het om die voertuig te steel. Die diewe het net met sy sleutels verdwyn.

Dieselfde Saterdagoggend het die diewe hul aandag na Juanita Engelbrecht, wat net agter Monti-Bello woon, verskuif. Juanita se honde is vergiftig en hulle het gepoog om haar bakkie te steel. Alhoewel hulle nie daarin geslaag het nie, was die alarmstelsel uit die bakkie uitgehaal. Hierdie insidente veroorsaak soveel skade en affekteer dit Heilbron se inwoners ook emosioneel.

Verlede week het 'n soortgelyke voorval in Piercestraat plaasgevind, waar Julene Labuschagne se geliefde honde ook vergiftig is. Hierdie onmenslike dade teen weerlose diere is ontstellend. 'n Persoon het ook onlangs by André Pretorius se huis in Raubenheimerstraat probeer inbreek, maar gelukkig het die alarmstelsel afgegaan en die oortreder het spore gemaak.

Afgesien van die inbrake en diere wat vergiftig, is daar ook melding gemaak van vermoedelik individue wat op die dak van 'n huis in 10de straat was.

In die Sandersville gemeenskap is die situasie nie veel beter nie. Me Parkies, 'n oud-onderwyser, het onlangs op Facebook 'n boodskap gedeel waarin sy inwoners van Sandersville waarsku om uit te kyk vir 'n persoon met sambok hale oor sy rug. Sy vertel dat sy die persoon wat tydens beurtkrag haar pomp wou steel, op haar kameras gesien het, en sy het hom met die sambok bygekom.

Dit word vermoed dat 'n sindikaat agter die diefstal van die bakkies sit, maar dat misdaad soos die steel van tuinslange, stoele, ens. moontlik die werk is van dwelmverslaafdes.









# Huppel Trippel loop die Nostalgie-pad

Meer as 30 lede se geheues het Dinsdag-oggend laaaang paaie na lank gelede geloop. Daar was voorbeelde van swart yster strykysters, ’n botter-karring, ’n "skaf-tin" vir kos op die lande, foto's van Heilbron se 100-jarige fees-vierings, ’n broodpan van ’n ń olieblik wat kom uit die tyd ná die Tweede Wêreld-oorlog en nog baie ander memorabilia. Wie onthou nog iemand wat boerseep gekook het, of in ’n buite-oond brood gebak het of hul huise met "marella" geverf het? Kyk gerus na die foto's en laat jou onthou toe om lang paaie te vat. Of as dit nie deel van jou lewe was nie, is hierdie ’n geleentheid om by ’n senior te gaan sit; en te luister na stories oor ons land en sy mense. Dalk kry jy ’n beker moerkoffie wat in ’n meelsakkie op die koolstoof getrek het... Bettie Swart het almal bederf met heerlike eetgoed. Hierdie heerlike onthou gaan sekerlik nog vir lank die onderwerp van bespreking onder die seniors wees.



*Op die foto Bettie Swart (Melktert-koningin in 2016)*



*Op die foto 'n "skaf-tin" wat veral die boere gebruik het, 'n strykyster, melkkan, botterkarring en lampetbeker.*

## Gratis hondsdolheid inenting te Koppies en Kwakwatsi

Hondsdolheid is 'n dodelike siekte. 'n Gratis inentingsveldtog teen hondsdolheid word op Dinsdag 22 Augustus 2023 gehou in Koppies en Kwakwatsi vir alle honde en katte deur die afdeling Veeartseny van Departement Landbou.

Daar is tans geen gevalle van hondsdolheid nie, maar om die dodelike siekte te voorkom is gereelde inentings uiters noodsaaklik.

Mense word versoek om hul honde aan 'n leiband en katte in 'n geskikte sak soos 'n lemoensak of houer te bring na die punte waar gratis inentings deur die department se personeel toegedien word.

**Die vier punte waar die veldtog gehou word vanaf 09:00 tot 15:00 is:**

- Kwakwatsi kantoor (naby Kwakwatsi biblioteek en kliniek).
- Kwakwatsi gemeenskapsaal in Masoanestraat.
- Rbatla Thuto Sekondêre Skool.
- NG Kerk Moedergemeente in Kerkstraat Koppies.

***MA Serfontein (Dieregesondheidstegnikus)***
***Sel: 082 925 8235 / 066 025 2951***

## Organisasies help slaggate vul




*Heilbron se AGS-Kerk, in samewerking met Outreach Unlimited het onlangs die besluit geneem om slaggate in Heilbron te herstel. Die kerk en organisasie het reeds al verskeie slaggate gevul, maar fokus die volgende paar weke op Piercestraat. Die munisipaliteit het die teer asook Bitumen voorsien, om uit te help waar hulle kan. Pastoor Pieter Breytenbach vertel dat hy dit sien as 'n gemeenskapsprojek. “As elke persoon net voor hulle huis reg en netjies maak, is ons reeds 'n tree in die regte rigting,” vertel die pastoor.*

## UIT DIE PEN: *Week 33 van 2023*



My goeie man sê altyd: Never before has so much been written and so little being read.

En hy is reg.

Ek het agtergekom dat die interpretasie van die “redelike mens” nie noodwendig dit is wat ek aan die redelike mens sou kon toeskryf nie. Alles het skuiwergate, alles is oop vir interpretasie, alles relatief.

Hier is ’n voorbeeld: “Sit die prop in die wasbak sodat dit goed pas. Vul die wasbak met water.” Ek het dit sommer netnou uitgedink toe ek die skottelgoed gewas het.

Ek en jy weet presies wat dit beteken: Neem die swart prop wat langs die wasbak in die mandjie lê. Sit dit met die regte kant na bo binne-in die prop se gaatjie. Druk dit ferm sodat dit dig sluit. Maak die kraan oop en kyk dat die prop nie uitpop nie. Maak die wasbak redelik vol met water. Maklik.

Of so het ek gedink.

Ongelukkig ken ek mense wat dit as volg sou interpreteer: Gaan soek ’n prop. As jy nie die regte prop kry nie, hoef jy nie aan te gaan met die instruksie nie. As iemand vir jou toevallig ’n prop in die hand geprop het, sit dit in die wasbak se gat. As dit nie inpas nie, is dit nie die regte prop nie en dan hoef jy nie verder te gaan met die instruksie nie. As dit onderstebo is, is dit nie die regte prop nie. Moenie die prop probeer omdraai nie, want dit was nie deel van die instruksie nie. Druk die prop so hard as moontlik. Forseer dit dwarsdeur die gaatjie. As jy dit nie regkry nie, sit terug en vertel vir almal dat jy tot hier gekom het en nou huis toe gaan, want jou taak is afgehandel.

Bogenoemde net om die begrip “redelike mens” van my kant af te illustreer. Onthou: ek is nie ’n regsgeleerde nie, weet niks van enige regsterm nie, weet ook niks van die regstelsel nie. Maar toe ek hierdie begrip eerstehands ervaar, is toe ek besef hoekom daar so baie regsake is wat nooit in die hof draai nie, of dalk verloor word. Op ’n tegniese punt. En dit lyk my dat daar baie daarvan is.

Ons het onlangs ons kantore geskuif. Nie die meubels rondgeskuif nie, maar alles opgepak, al ons klere en gewere gevat, en na ’n ander kantoorgebou verkas vir ten minste ’n jaar. Ons oorspronklike kantore word gebou en gebreek. My baas het my toegelaat om ’n projekbestuurder aan te stel om te help. Aangesien ons almal besig is. Het ek gedink.

Die eerste dag toe ek die projekbestuurder ontmoet het, het sy haar notaboekie uitgeruk en ons hele trekplan as ’n breinkaart begin teken. My goeie vriendin sou mateloos beïndruk gewees het, want sy teken haar hele lewe in breinkaarte. Ek werk anderster.

Ek en die projekbestuurder werk die trekplan presies uit. Op hierdie dag gaan ons na die nuwe kantore kyk. Daardie dag gaan ons met die kontrakteurs gesels wat meubels gaan vervoer. Die volgende is om met die vervoermaatskappy te gesels. Die internetverskaffer en die telefoondienste moet gekontak word en so ook die mense wat ons naamborde moet afhaal om weer by die nuwe kantore op te sit.

Wanneer alles in plek is, stuur ek vir my kollegas ’n brief om die hele proses te verduidelik. Ek het dit letterlik stap-vir-stap verduidelik, amper soos met die leeuloop.

Maar helaas.

Met die in-die-bokse-pak fase van elke kantoor, sien ek dat diegene wat by die kantoor is, pak. Nie fluks pak nie, want hulle het darem die hele dag om dit te doen.

Hier fladder ’n lyfie met min klere in, met die telefoon se oorfone in haar eie ore. “Ek is besig met ’n vergadering.” En daar gaan sy. Toe ek haar later hieroor uitvra, sê sy dat die instruksies nie duidelik was dat sy moes kyk dat al haar goed ingelaai word nie.

Interessant dat dit wel is wat die ander kollegas verstaan het.

’n Week daarna kom die vervoermense om al die meubels en die bokse in die vragmotor te pak en by die nuwe kantore te gaan aflaai. Die werkers daag op en ek neem my tyd om vir hulle te verduidelik waar hulle moet begin en wat eerste gepak moet word, omdat dit laaste in die nuwe kantore moet ingaan.

Die meeste van my kollegas het my instruksies verstaan, alhoewel hulle nie angstig is om te help nie. Hulle sit om ’n verwarmer en drink koffie.

Wens ek nou ek kon dit ook gedoen het.

(Ek het vergeet om te noem dat een kollega nie eers opgedaag het vir die inpak nie).

Hier fladder dieselfde lyfie met min klere in, met die telefoon se oorfone in haar eie ore. “Ek is besig met ’n vergadering.”

Ek gaan kyk buite hoe die vragmotor gelaai word. Met my terugkeer is die pakmense besig om haar kantoor op te pak.

Wadde? Vra ek. “Ek is die een wat hier instruksies gee, alles om ’n goeie rede. Die manne pak soos ons ooreengekom het.” Toe ek haar later hieroor uitvra, sê sy dat die instruksies nie duidelik was dat sy moes wag totdat die pakkers by haar kantoor uitkom nie.

Ek dog my top flip.

Vandag se les is om te lees en om goed te lees. Indien jy nie verstaan nie, vra iemand. Moenie net jou eie kop volg in situasies wat nie deur jou gereël of georganiseer word nie.

Ons moet oor 11 maande weer terugtrek na ons oorspronklike kantore. En raai wat? Ek gaan dit nie weer reël nie. Want ek wil ook voel hoe dit voel om instruksies totaal te ignoreer. Ek wil ook sit en koffie drink terwyl ander werk. Hierdie keer gaan ek net doen wat ek wil doen.

Maar dit maak nie saak hoé ek my vergelding beplan nie, ek sal dit tog nie uitvoer nie.

Want ek kán lees. Ek kán instruksies uitvoer. Ek kán werk.

En ek het ’n gewete.

# INSPIRASIE RESEPTE




Hierdie is 'n baie maklike resep. Dit is een van my lekker "all-rounders". Bedien die slaai saam met 'n braai of saam met 'n souttert. Jy kan dit selfs voorsit op sy eie met soutkoekies vir 'n ligte voorgereg. Baie lekker vir die lente wat amper begin!

**GEROOSTERDE TAMATIESLAAI MET ROOMKAAS EN ASYNSTROOP**

Voorbereidingstyd – 30 minute
Kooktyd – 30 minute
Porsies – 4 - 6

**Bestanddele vir die tamatieslaai**
500g klein tamaties, in halwes gesny
4 groot tamaties, in kwarte gesny
2 rooi uie, in dun repies gesny
1 knoffelhuisie, fyn gekap
1 geel en 1 rooi soetrissie, gerooster, geskil en in repies gesny
1 koppie ingelegde artisjokke
1 koppie gemarineerde eiervrug
4 eetlepels olyfolie
4 eetlepels Rooiwyn asyn
2 eetlepels bruinsuiker
250 g roomkaas
1 groenui, fyn gekap
2 avokados, geskil en wiggies gesny
Sout en Peper
'n wiggie Parmesaankaas

**Bestanddele vir die Asynstroop**
½ koppie Balsamiese asyn
½ koppie Rooiwyn asyn
1 loerierblaar
1 takkie tiemie
¼ koppie suiker

**Metode vir die Asynstroop**
Plaas die asyn, kruie en suiker in 'n klein kastrol en bring tot kook. Kook tot 50% afgekook het. Verkoel tot gebruik.

**Metode vir die tamatieslaai**
Verhit jou oond tot 180 grade. Plaas al die tamaties, uie en knoffel op 'n bakplaat en sprinkel met die olyfolie, Rooiwyn asyn, bruinsuiker, sout en peper. Rooster in die oond vir 20 minute. Koel af voor gebruik.

Terwyl die tamaties in die oond is, meng die roomkaas en groenuie. Gebruik 'n groot bord en smeer die roomkaas onder op die bord, maak seker om die hele bord te smeer met die kaas. Plaas nou die artisjokke en soetrissie eweredig oor die kaas. As die tamaties koud is, pak dit eweredig oor die bord uit. Plaas nou die avokado oor die slaai, bedruip met Asynstroop en skil bietjie Parmesaankaas bo-oor.

**Bedien so**
Bedien die slaai saam met 'n souttert, op sy eie met vars ciabatta brood of as 'n bygereg.

**Sjefs nota:**
Jy kan lekker ham of kouevleis bysit om 'n voorgereg te maak.




**NG KERK HEILBRON – MOEDERGEMEENTE**
**VAKANTE SKRIBAPOS**

Die Kerkraad van bogenoemde gemeente adverteer die skribapos in biddende afhanklikheid van die Here.

**Sluitingsdatum:** Donderdag: 31 Augustus 2023
**Werksure:** Maandag tot Vrydag – 08:00 tot 13:00


**DIE GESKIKTE KANDIDAAT**
Enige lojale en meelewende lidmaat van die Ned Geref Kerk, nie ouer as 40 jaar nie, is welkom om vir die pos aansoek te doen. Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.

**VEREISTES**
**Die volgende vereistes is ononderhandelbaar.**
• Betroubaarheid.
• Pastelvaardigheid.
• Hantering van salarisse en lone deur Pastel Payroll.
• Goeie kennis van boekhouding.
• Sterk administratief.
• Beskikbaarheid gedurende naweke.

**VERGOEDING**
'n Mededingende vergoedingspakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

**AANSOEKE:** Alle aansoeke word gerig aan ds Braam van Zyl by – braam@ngheilbron.co.za

Die Kerkraad behou homself die reg voor om geen aanstelling te maak, indien daar nie 'n geskikte kandidaat is nie.

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za



*** 20 Mei 1945 † 4 Augustus 2023**
*Ek plaas hierdie berig om my pa Petrus Johannes (Thabo) Strydom se lewe te herdenk.*
*Toe ek Pa laas gegroet het, hoe min het ek geweet dit sal die laaste keer wees.*
*Dankie vir die pa wat Pa vir my was. Ek lief Pa vir altyd en ewig.*
*Rus in vrede my dierbare pappa.*
**Jou dogter Elizma Strydom**


Herald
Office National
NCR Printing
Book Printing
Design & printing:
Invoice books
Receipt books
Delivery books
Order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate
& more
100% OPERATIONAL

BBB ABATTOIR
Het plek vir 'n flukse, hardwerkende manspersoon om deel te word van die span.
Daar sal van u verwag word om algemene abbatoir verwante take te verrig.
• Streng kontrole van voorraad.
• Korrekte uitlaai van bestellings op 'n daaglikse basis.
• Rekenaarvaardighede.
DIENSAANVAARDING 1 September 2023 EPOS CV NA: bbbabatttoir@skysat.co.za

DUPNO Trading Specials
Ryno 073 268 7565 | Keith 083 280 0943 | Tanya 083 975 8264
ryno.dupno@gmail.com | petzerks@gmail.com | tanya.dupno@gmail.com
Graandam 9m x 2.2m (±130t) met PVC Kopseil - R21 000
9m 40t/h Elektriese of Hidroliese Awegaar met Staander - R25 500
Tapse Aflaaibak 3.5m x 1.5m - R27 500
Combo Special Al drie items vir slegs - R73 000
PRYSE SLUIT NIE BTW OF AFLEWERING IN NIE

4 Course Free State inspired harvest table set menu
30 July, 27 August, 1 October, 29 October, 26 November
Serving starts from 11:30 | Limited seats available | R350 p/p
Please enquire for menu and availability
Email: tastingroom@devrydistillery.co.za or WhatsApp 072 606 3960
PASCH DU PLOOY

# HERALD Gemeenskapsnuus


## Mini Potjiekos-aand

Potjiekos is 'n verwysing na 'n eg Suid-Afrikaanse kook tegniek wat 'n ysterpot as hoof kook-instrument gebruik. Die ysterpot is ook bekend in ander dele van die wêreld as 'n "dutch-oven", en word ook ysterpot, swart pot of net potjie genoem. Op Vrydag, 11 Augustus het die Heilbron Fynproewers hul vriendskap potjies by die Boeresaal aangesteek vir 'n gesellige kuier aand. Die tema was Mini-potjiekos en elkeen het behoorlik aan hul eie potjie gebou, geroer en geniet. Heerlike botterskorsie sop is geniet terwyl die potjies geprut het en die aand is afgesluit met moerkoffie en koeksisters. Hierdie was 'n aand wat verseker in die toekoms herhaal gaan word. Die volgende Fynproewers byeenkoms sal die Kersete wees wat in November gaan plaasvind.


*Jeff en Nonna Roos.*



*Op die foto bo Paul Bergh en Koos van Niekerk.*
*Foto onder: Hestel Geldenhuys en Louis Kleynhans.*



*Foto bo: Driekie en Eugene Flemming.*
*Foto onder: Japie en Trudene Steyn.*

## Gebeurtenis in straat laat bakkie op sy sy tuimel

'n Buitengewone voorval het Saterdagmiddag die aandag van verbaasde omstanders getrek toe 'n klein voertuig in 'n skynbaar onmoontlike botsing betrokke was. Oorkant Star Slaghuis en naby die taxi-staanplek se uitgang het 'n voertuig vanaf Phiritona na bewering vir n slaggat uitgeswaai. Dit het katastrofiese gevolge gehad.

Die voertuig het in 'n oogwink van koers verander en in 'n geparkeerde voertuig vasgery. Wat die gebeurtenis buitengewoon maak, is die verbysterende fors van die impak. Die klein voertuig het die geparkeerde bakkie met so 'n intensiteit getref dat die bakkie op sy sy beland het, amper soos 'n omgevalle speelding. Geskokte toeskouers het verbaas uitgeroep. Die toneel het almal sprakeloos gelaat, omdat die ongeluk so 'n onwaarskynlike uitkoms gehad het. Gelukkig was daar geen melding van enige beserings nie. Die owerhede is onmiddellik ontbied om die situasie te hanteer en die verkeer om die toneel te beheer. Inwoners van die Langmarkstraat-gemeenskap het binne oomblikke op die toneel verskyn om die petalje te aanskou. Die oorsaak van die ongeluk bly tot dusver 'n raaisel, maar terwyl die owerhede die ongeluk ondersoek, bly een ding seker: Saterdag se gebeure in Langmarkstraat sal vir 'n geruime tyd in die geheue van die gemeenskap bly. Die verbasende krag van die botsing en die onwaarskynlike posisie van die bakkie sal as 'n herinnering dien aan die kwesbaarheid van die alledaagse lewe en die onvoorspelbaarheid van ongelukke.





HOËRSKOOL HEILBRON
KASKAR DAG
8 September 2023
Optog - 16:00
Resies - 17:00 - 19:00
Braai & kuier tot laat
Toegang: R20 - volwassenes
R10 - kinders
OOP VIR BESIGHEDE: R500 PER SPAN + EIE KASKAR OF R500 PER STAANPLEK.
Besighede/groepe wat deelneem of 'n staanplek koop kry gratis bykosse vir die braai.
Bring 'n vleisie en 'n vuurtjie en kuier lekker saam.
Kontakpersoon: Johnny van der Merwe 081 848 6301
Reëls sal verskaf word.


## Avontuur van Gr R leerders

Die vrolike geluid van kinders wat lag en gesels het die strate van Heilbron op Vrydag 11 Augustus gevul. Dit was 'n dag vol opwinding en ontdekking vir die Graad R leerlinge van Hoërskool Heilbron, want hulle het die geleentheid gehad om 'n opwindende beroep-safari uitstappie by te woon. Hierdie avontuur het hulle 'n kykie gegee in die wêreld van beroepe en besighede in hul eie dorpie. Die leerders is met groot entoesiasme ontvang by verskeie plaaslike besighede, wat vir hulle 'n unieke geleentheid gebied het om te leer en te ontdek. Een van die hoogtepunte van die dag was 'n besoek aan "Twist and Curl" van Liezel Viviers, waar die kinders 'n insig in die kuns van haarkappery gekry het. Sommige leerders het selfs die moed gehad om die haarknipper te hanteer en het die kans gehad om oom Hennie se hare te sny. Daarna het die avontuur voortgegaan na "Lewis Heilbron," waar die leerders deur Julia ontvang is. Hier het hulle 'n kykie gekry in die wêreld van meubels en dekor. Die volgende stop was by "Star Slaghuis," waar Ellen-Louise Dreyer die leerders verwelkom het en hulle meer geleer het oor die verskeie aspekte van vleis en die slaghuis bedryf. Die reis van ontdekking het nie daar gestop nie, aangesien die Graad R leerders 'n besoek gebring het aan "Cobus van Wyk Oogkundige," waar Hilda Els en Paulina hulle die geleentheid gebied het om meer te wete te kom oor ooggesondheid en die belangikheid daarvan. Die leerders het ook die kans gehad om 'n kykie te kry in die wêreld van die apteker by "The Local Choice Apteek" by Jolien Engelbrecht. Hier het hulle die




belangrike rol van apteke in die gemeenskap verstaan. Die plaaslike polisie van Heilbron het ook hulle deure oopgemaak vir die jong ontdekkingsreisigers. Die leerders het 'n glimps gekry in die werk van die polisie en die belangrike rol wat hulle in die samelewing speel. Een van die hoogtepunte van die dag was 'n besoek aan die "eMatla Snacks Koekiefabriek" van Gerrie Muller. Hier het die leerders 'n kykie agter die skerms gekry van die koekie maak-proses en het hulle selfs die geleentheid gehad om hul eie koekies te verpak en huis toe te neem. Die dag is afgesluit met 'n heerlike melkskommel by "San-Jo's," waar Liezl Engelbrecht die leerders verwelkom het. Dit was 'n welverdiende beloning na 'n dag vol opwinding en leersame ervarings.

Die Graad R leerders van Hoërskool Heilbron is opreg dankbaar vir die warm en vriendelike ontvangs wat hulle by elke besigheid gekry het. Die geleenthede en ervarings wat hulle gedurende die beroep-safari gehad het, is onvergeetlik en het hulle 'n dieper begrip van die wêreld van beroepe en besighede gegee. Hierdie uitstappie het nie net hul kennis verbreed nie, maar het hulle ook laat besef hoe ryk aan geleenthede ons dorp en hoe baie talentvolle mense in hul eie dorpie is. Met dankbaarheid kyk hulle terug op 'n dag van avontuur en ontdekking in die hart van Heilbron.




HEILBRON OK Foods
R200 000 GIVEAWAY
SPEND R200 OR MORE AND SWIPE YOUR OK LOYALTY CARD TO WIN YOUR SHARE OF R200 000
3 WINNERS PER WEEK FOR 20 WEEKS
VALID AT: HEILBRON OK FOODS, OK LIQUOR & OK EXPRESS
18 Aug 2023 until 05 Jan 2024 Terms and Conditions Apply

# KENNISGEWINGS

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Notariële Akte van Sessie van Vruggebruik **K865/1987S** gepasseer deur **JOHN BOSHOFF en JOHANNES REINHARDT BLOM,** genomineerde van **BANKORPTRUST BEPERK (VOORHEEN BEKEND AS SANTAMTRUST BEPERK),** Eksekuteurs Testamentêr in die boedel van wyle **PIETER FOURIE BOSHOFF Nommer 693/1987** handelende kragtens Eksekuteursbrief uitgereik deur die Meester van die Hooggeregshof te Bloemfontein op 10 April 1987, ten gunste van **PATRICIA BOSHOFF, Identiteitsnommer 290712 0001 007,** ongetroud ten aansien van sekere

1. Onderverdeling 1 van die Plaas Foucheshoek 80, distrik Fouriesburg, Provinsie Vrystaat.
2. Resterende gedeelte van die plaas Highlands 1239, distrik Bethlehem, Provinsie Vrystaat.
3. Die resterende gedeelte van onderverdeling 1 van die plaas Highlands 1239, distrik Bethlehem, Provinsie Vrystaat wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Reitz op hede die 10de dag van Augustus 2023.

**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERSSTRAAT, REITZ, 9810**
**bligwes06@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884/5**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **ELIZABETH JACOBA ALETTA HEYMANS, Identiteitsnommer 361202 0037 080,** wat 'n weduwee was en woonagtig was te Plaas Bethesda, distrik Reitz, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 7 November 2022, **boedelnommer 000349/2023.**

Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Reitz, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **KATHRINA ELIZABETH OLIVIER, Identiteitsnommer 300316 0001 08 8,** weduwee, wat woonagtig was te Huis Bron-van-Heil, distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 10 September 2022, **boedelnommer 009090/2022.**

Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **HENDRINA STADLER, Identiteitsnommer 361105 0017 087,** weduwee, wie woonagtig was te Huis Bron-van-Heil, distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 17 Julie 2021, **boedelnommer 008844/2021.**

Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
*Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.*




**Skole sluit 29 September en open 10 Oktober.**

**OPSOEK NA WEIDING OM TE HUUR**
Kontak Petri Leonard
082 785 7699

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**










# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

# TE KOOP

**DUPNO Trading**
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**TE KOOP**
**Voer te koop.**
*Skakel gerus*
*083 688 8256*
*K0597*

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen 079 040 0531**

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**

**Coewes CC**
Rekenmeesters - Belasting Praktisyns - Sekretariële Dienste
Accountants - Tax Practitioners - Secretarial Services

**REKENMEESTERS POS**

**PLIGTE**
- Finansiële State
- Belasting Berekenings

**VEREISTES:**
- BComm graad is verpligtend
- Minstens 3 jaar relevante ondervinding met voltooide klerkskap
- Boerdery ondervinding sal voordelig wees

**RIG AANSOEK AAN:**
info@coewes.co.za

**Coewes CC**
Rekenmeesters - Belasting Praktisyns - Sekretariële Dienste
Accountants - Tax Practitioners - Secretarial Services

**REKENMEESTERS POS**

**PLIGTE**
- Finansiële State
- Belasting Berekenings

**VEREISTES:**
- BComm graad is verpligtend
- Onder druk kan werk
- Geen ondervinding nodig

**RIG AANSOEK AAN:**
info@coewes.co.za

# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 084 988 6078



# HERALD Sport

## Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 2023-08-12 het lede van Kransfontein Resiesduif Klub vanaf Hanover twee Ope Wedvlugte gevlieg, Die duiwe is gesamentlik gelos om 07:20 en het oor 'n afstand van 531 kilometer terug na Reitz gevlieg.

Die Ope 1 wen duif is om 14:11 geklok.
1. Spartan Pigeon, 2. Liefde Hokke B
3. Du Plessis Hokke, 4. Du Plessis Hokke, 5. Liefde Hokke A, 6. Heine Resiesduif Hokke, 7. Du Plessis Hokke
8. Spartan Pigeon, 9. Du Plessis Hokke
10. Spartan Pigeon.

Die wen duif op die Ope 2 wedvlug is om 14:26 geklok.
1. Du Plessis Hokke, 2. Du Plessis Hokke, 3. Spartan Pigeon, 4. Spartan Pigeon, 5. Du Plessis Hokke,
6. Du Plessis Hokke, 7. Liefde Hokke A
8. Spartan Pigeon, 9. Liefde Hokke A
10. Heine Resiesduif Hokke.

Eerskomende Saterdag vlieg die duiwe vanaf Richmond twee ope wedvlugte.



*Op die foto staan Jeandre en Leane Muller met nommer 112 van Spartan Pigeon wat die Hanover Ope 1 met 3 minute gewen het. Jeandre en Leane is leerlinge van Hoërskool Reitz.*



*Op foto is Flippie Du Plessis met nommer 15796 van Du Plessis Hokke wat die Hanover Ope 2 wedvlug met 57 sekondes gewen het.*




## Rolbalklub in "Overdrive"

Alhoewel die huidige rolbalseisoen bykans op sy einde is, word daar steeds hard gewerk om alles by die klub in plek te hou en te verbeter.

As jy dalk in die omgewing of naby die rolbalklub beweeg moenie skrik nie, dit is nie 'n aardbewing nie, dit is die bestuurslede wat besig is met verbeteringe op die baan asook die area buite om die klub.

Gerrie Muller, wat tot die bestuur geko-opteer is as baanbeampte, het 'n nuwe dinamika na die klub gebring. Die area buite om die klubhuis is netjies gemaak en tans is hy ook besig om 'n nuwe besproeiingstelsel op die baan aan te bring wat die natmaak proses baie gaan vergemaklik en dit behoort ook meer effektief te wees.

Robalspelers sal altyd seker maak dat daar naweke robal gespeel word. As daar nie 'n kompetisie op die rolbalkalender is nie, dan "organise" hulle 'n kompetisie.

Die jaarlikse interdorp tussen Heilbron en Sasolburg op 26 Augustus, is juis so 'n geleentheid wanneer die Sasolburgers hier kom speel. Verlede jaar met die aanvang van hierdie kompetisie het Heilbron met die beker huis toe gekom, maar die Sasolburgers het reeds waarskuwings hier laat aflewer by Postnet:

Hulle kom om die beker terug te vat!!



*Op die foto Amelia Galatis met die Interdorp trofee.*

Komende naweek sal Hannalie Claassen en Sonja Muller ook in Bethlehem aan die Noord Vrystaat Meesters deel neem.

**Heilbron lede moet asseblief kennis neem van die volgende belangrike datums:**

• Die klub se Algemene Jaarvergadering vind plaas op 7 September 2023 om 17:30;
• Valsrivier Sub-Distrik algemene jaarvergadering vind plaas op 9 September 2023;
• Voorlopig sal die baan ook gesluit wees vanaf 28 Augustus tot 18 September vir die jaarlikse instandhouding.

## Heilbron duiwenuus

Die naweek se wedvlugte het vanaf Noupoort plaasgevind oor 'n afstand van 540km. Dit was 'n Gauteng Combine ook waaraan ± 600 duiweboere deelgeneem het met ± 10 000 duiwe. Gevolglik het die duiwe uitmekaar gekom. Damie Stemmett wen die Jaaroud wedvlug met 'n gemiddelde spoed van 1304.4067 meter per minuut. Dries Cilliers het baie goed gedoen en wen die 1ste 4 plekke in die Ope wedvlug. Die gemiddelde spoed is 1309.7269 meter per minuut.

**NOUPOORT JAAROUD**
1. Stemmett Hokke, 2. F Viviers, 3. D Cilliers, 4. Stemmett Hokke, 5. Zenith B, 6. Stemmett Hokke, 7. D Cilliers, 8. Stemmett Hokke, 9. Zenith A, 10. D Cilliers.

**NOUPOORT OPE**
1. D Cilliers, 2. D Cilliers, 3. D Cilliers, 4. D Cilliers, 5. F Viviers 6. D Cilliers, 7. D Cilliers, 8. Stemmett Hokke, 9. Zenith A, 10. Stemmett Hokke.



DA
Ngwathe Koukus

Ngwathe se Demokratiese Alliansie (DA) het nou, met die steun van ander opposisiepartye, kragtens Staande reël 79, kennis gegee van 'n Mosie van Wantroue in Uitvoerende Burgemeester Rdl Victoria de Beer -Mtombeni.

Dit volg op onlangse krisisse en beklemtoon die noodsaak aan doeltreffende bestuur en verantwoordelike leierskap, veral in die volgende areas:

• Watervoorsiening
• Elektrisiteit
• Finansies
• Infrastruktuur
• Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)
• Verkryging en Kontrakbestuur

Die DA glo sulke mislukkings verlaag die lewensgehalte van inwoners, en ondermyn Ngwathe se geldsake en groei. Dit is die gemeenskap se grondwetlike reg om verantwoordbare en doeltreffende leierskap te hê.

DA Kry hulp om te registreer om te stem by check.da.org.za

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 21 AUGUSTUS 2023
DEVON Speenkalf veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 22 AUGUSTUS 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VERKYKERSKOP Jaarliks veiling
Kontak Bennie vd Merwe 082 414 4228
VREDE: WO Beefmasters Produksieveiling
11:00, plaas Uitkyk
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BOTHAVILLE : Majoba Merino's Produksieveiling
11:00, plaas Vlaklaagte
Kontak Fanie Nel 083 325 3066
TARLTON : Lijani Beef
Staak Skaap Boerdery veiling
11:00, plaas Delarey
Kontak Jaco Schoonraad 082 659 0716

WOENSDAG - 23 AUGUSTUS 2023
Reitz Oos Vetvee: Jaarliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
ERMELO: Ermelo Reuse Implemente
Kontak Hannes Klopper 066 028 2358
KROONSTAD: NOORD VRYSTAAT SAVM KLUBVEILING
11:00, Kroon-Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DONDERDAG - 24 AUGUSTUS 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

VRYDAG - 25 AUGUSTUS 2023
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
VENTERSBURG: Neels de Villiers
Staak Boerdery Veiling
11:00, Hayfield Ventersburg
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
FRANKFROT: Frankfort Bonsmara Telersgroep
11:00, VKB Veilingskrale
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za